WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 10/2018
31/07/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Frank Peché of the SAN

Arne Soderlund advises with sincere regret of "… the passing of Frank at 2 Mil Hosp on 03/07/2018. Our deepest sympathy to Moira and all his family".

2. Afsterwe van AO1 NM Lotriet van die Seiners

Paul Els verwittig met leedwese dat "... daar op die SA Seinersvereniging se webblad bekend gemaak is dat AO1 Lotriet van 21 Seineenh op Boekenhoudskloof op 04/07/2018 aan 'n hartaanval oorlede is. Sy seun se selno is 082 658 2378. Die begrafnis het op 12/07/2018 vanuit die NG Gemeente Petronella plaasgevind".

3. Afsterwe van Cornel Wagenaar van die Infanterie

Faan Gerber van die Infanterie verwittig met leedwese van "… die afsterwe van Cornel op 01/07/2018 in Kaapstad. 'n Gedenkdiens het op 07/07/2018 by die Gemeenskapskerk in Sunningdale plaasgevind".

4. Passing of Vic Martinelli of the SAN

Arne advises with sincere regret of "… the passing of Vic on 23/07/2018 at 2 Mil Hosp.
Our deepest sympathy to Antoinette and their daughter Victoria and family. A Requiem Mass for Vic Martinelli will be held at 12:00 on Thursday 02/08/2018 at St Michaels Church, 23 Rouwkoop Road in Rondebosch".

5. Passing of Peter Bowles of Spec Forces

Peter's wife, Elsabe, advises with sincere regret of "… the passing of Peter on 27/07/2018 after a tough battle with cancer. Forever a Legend, an Officer and a Gentleman".

6. Passing of Manfred Krecklenberg : Previous OC CTR (Dukes)

Faan Gerber advises with sincere regret of "… the passing of Manfred on 25/07/2018 in Cape Town. The funeral took place on 27/07/2018 at the Jewish Cemetery in Thornton".

7. Passing of Peter Marshall : Previous RSM of the Rhodesian SAS

Paul Els advises with regret of the passing of Peter in the UK on 17/07/2108 and adds that Pete was well known to a number of South African soldiers. David Scott-Donelan stated on the web page of the Rhodesian Military "... that Peter was a member of the SAS since 1965 and that he was a great soldier who was always cheerful, obliging and a pleasure to work with. Rest in Peace".

8. Passing of Anna : Wife of Wynand Bauer of the SAAF

Philip Weyers of the SAAF advises with great sadness of "… the passing of Anna on 09/07/2018. A Memorial service was held at the NG Kerk Valhalla on 12/07/2018. Our sincere condolences to Wynand and the family. Lest we forget".

9. Passing of Anne : Wife of Chris Rawsthorne of the SAN

Arne advises with sincere regret of "… the sudden passing of Anne, beloved wife of Chris Rawsthorne at their home on 23/07/2018. Our deepest sympathy to Chris, their daughter Michelle and family".

10. Hospitilisasie vir Joe Bulpit van die Infanterie

Faan Gerber van die Infanterie het in die vorige Nuusbrief verwittig dat Joe in 2 Mil Hosp se Afd Intensief weens asemnood opgeneem is en vir Emfiseem behandel word. Faan noem nou dat "… dit beter met Joe gaan. Met my besoek het hy op die kant van die bed gesit en eet. Hy sal egter nog 'n tydjie in die hospitaal moet bly".

11. Terugslag vir AO1 Kat Snyman van die Kavallerie

* Paul Els rapporteer dat Kat "... op 26/97/2018 'n hartaanval in Bronhorstspruit gehad het en by Afd Intensief by 1 Mil Hosp. opgeneem is. Hy is vir verdere behandeling na die Pretoria Harthospitaal verwys, maar is terug verplaas na 1 Mil Hosp, omdat die Kardioloog van mening is dat sy hart nou te swak vir die omleiding van al vier are is. Hy sal hierdie week weer evalueer word".

* Toon Slabbert van die Kavallerie voeg by dat Kat "...as die RSM van Projek Postal, die stigting van die KwaNdebele Weermag met die oog op hierdie gebied se onafhanklikheid. Dit het toe nie plaas gevind nie en hy was hy toe as RSM van 115 Bn aangestel, wat aanvanklik in KwaNdebele gesetel was".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

12. Huldeblyk aan Steph Erasmus van die Kavallerie

Jakes Jacobson van die SAV in Nieu Zeeland (NZ) verklaar dat"... Elize en al sy kinders die begrafnis in Auckland bygewoon het, asook 'n sterk verteenwoordiging van die SA Militêre Veterane-organisasie in NZ , wat vir James Hills van die Parabats en Neil Myburgh ingesluit het. Al het ek nooit vir Steph in die RSA ontmoet het toe ons nog albei in die SAW gedien het nie, het ek destyds baie van hom by TC, die motorbestuurder van die militêre kantoor in Taipei , gehoor. Dit was dus 'n aangename verassing om dié legende omtrent 20 jaar gelede in Auckland, NZ, te ontmoet. Hy was 'n ware offisier en heer wat nie net baie trots op sy diens in die SAW was nie, maar ook naam, as burgerlike, in die NZ Weermag gemaak het. Steph se seun, Barnie, het in sy huldeblyk, vir Steph met die Stêr van SA (groot Cullinan diamant wat naby Steph se geboorteplek ontdek is) vergelyk. Steph se heengaan los beslis groot voetspore om te vul".

13. Elsa Yaffe van Afd Inl

"In die vorige Nuusbrief is ek aangedui as 'Elsa Yaffe van KOLOT' maar wil graag noem dat ek eintlik 'n lid van Afd Inl en spesifiek Teeninligting is, alhoewel van die lekkerste tye van my loopbaan tog by KOLOT was! Die ander beste deel was my drie jaar was as Louis Coetzee, toe HDTI, se PSO. Hiertydens het ek baie goeie ondervinding opgedoen en het ongelooflik lekker saam met Louis gewerk. Hy is werklik 'n ouwêreldse heer".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

14. Disposal of the C130 Transport Aircraft. One of the readers of Arne's MN stated the following with anger in his heart:

"The C-160 saga is near to my heart: I wrote several memos to the Minister of Defence, the late Joe Modise and to his deputy, Ronnie Kasrils, to stop the planned withdrawal and disposal and was rewarded by a telephone call from the Ministry by the late Ken Snowball, to say that I had won. He told me that the Minister had just signed a Ministerial Directive that the C-160s were to be taken off the disposal list and that the matter of having them refurbished and modernised should be revisited. The immediate reaction of the SAAF was to park them in a far corner of AFB Waterkloof and leave them to rot and fought to get rid of them against his objections. A range of spurious excuses followed, including grossly inflated refurbishment costs, R40 million per aircraft instead of the actual R42 million for four, thereby circumventing the Minister's directive".

15. Die Rooikat Pantserkar

Fido Smit van die Kavallerie noem dat die Rooikat Pantserkar eers na Ops Hooper en Packer in bedryf gestel is. Die PVV met sy agt wiele is deur Reumech ontwerp vir omstandighede in Suidelike Afrika en is besonder terreinvaardig. Dit is met 'n 76 mm kanon as hoofwapen en twee 7.62 mm masjiengewere toegerus en het 'n bemanning van vier. Teen 1994 is 'n variant met 'n 105mm kanon vir die uitvoermark beskikbaar gestel.

16. USS William P. Lawrence, the 60th Ship in her Class, Leaves her Mark

17. A Spanish Mistake

Arne reports in his MN that the S-80 submarine of the Spanish Navy needed a redesign when it had problems floating after someone had put a decimal point in the wrong place. It then needed to be lengthened to correct the issue. After the changes, it was found that the docks at Cartagena could no longer fit the vessel.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

18. Onbevredigende Diens by die Siekeboeg in Potchefstroom

Hennie Roux van die Lugafweer noem dat "… van sy vriende onbevredigende diens by die Siekeboeg in Potchefstroom ontvang het. Hulle gee ook nie meer magtiging na ure nie en moet na die Staatshospitaal toe gegaan word. 'n Vriend het in Potchefstroom siek geword en die Siekeboeg het net geweier dat hy na MediClinic Hospitaal gaan, maar by 1 Mil Hosp opgeneem moet word. Daar het hy geen behandeling ontvang nie, waarna sy kind in Engeland gereël het dat hy na 'n privaathospitaal in Pretoria geneem word. Hy is egter twee dae later oorlede, waarna die SMMVF vereis het dat hy 30% van die privaathospitaal se kostes moet betaal, terwyl die Fonds die res betaal het".

19. Reaksie deur Hercules du Plessis van Personeel en Bestuurslid van die Mediese Aksiegroep

"Ek het ook al van voorvalle by daardie Siekeboeg verneem, maar die probleem is nie dié van die SMMVF nie en moet die saak eerder via die SAGD se bevelskanaal aangeroer word. Ek kry die indruk dat 'n lid by hierdie siekeboeg sy of haar opdrag so vertolk sodat diens en behandeling summier volgens eie oordeel geweier kan word. My eie ervaring van die kliniek op Laphalale (Ellisras) is positief, wat my laat dink dat optrede in Potchefstroom maar net lomp en onnadenkend is. Optrede soos hierdie is waarskynlik 'n uitvloeisel van die regstellende strategie wat vroeër vanjaar

geloods is om diens te verbeter, maar ek kry die indruk dat die regstellende optrede nie slaag nie, of is ons te haastig? Ek wonder of die Aksiegroep nie maar weer moet begin roer nie".

20. Opmerkings deur Tony Dippenaar van Cela : Voorsitter van die Aksiegroep

"Dit is onmoontlik om hierdie bewerings te evalueer of te ondersoek sonder spesifieke detail oor die indiwidue en datums betrokke. Die 30% bybetaling geld wel as lede privaathospitale gebruik wat nie op die gekontrakteerde lys is nie. Let daarop dat die mediese kostes van lede van die Statutêre Magte en hulle talle afhanklikes nie deur die Voortsettingsfonds betaal word nie, maar wel deur die Staat 'n aparte begroting betaal word. Daar was wel 'n breedvoerige inligtingstuk wat die SMMVF Fonds uitgestuur het, maar daar is steeds die problem dat lede van adres verander sonder om die Fonds te verwittig".

TOEKOMSTIGE OORLOë

21. Russia Launches Trials of Poseidon Underwater Drone that can Carry Nuclear Warheads

In Arne's MN it was reported that the Poseidon oceanic multipurpose system is a new type of seaborne underwater weapon system based on the use of drones. President Vladimir Putin has mentioned the country's efforts to develop a nuclear-powered unmanned underwater vehicle that can carry both conventional and nuclear warheads and is capable of destroying enemy infrastructural facilities, aircraft carrier groups and other targets. The Russian C Navy later said that the new weapon system would enable the Russian Fleet to accomplish a broad range of missions in waters adjacent to the enemy territory and that the trials of the drone's basic element, the small-sized nuclear power plant, have already been carried out. Poseidon drones together with their carriers, nuclear-powered submarines, form part of the so-called oceanic multipurpose system and would be capable of carrying a nuclear warhead with a capacity of up to 2 megatonnes to destroy enemy naval bases and can travel for thousands of miles.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

22. Memorial in the Eastern Caprivi

Paul Els provided the photo described as the loneliest memorials of the Bush War. The memorial was erected in honour of two officers of the SAAF, Cmdt Liam Myles Poole and Maj Andries Petrus Els and a civilian, Mr David Jacobus De Lange, who were ambushed by PLAN insurgents on 19/02/1978 while travelling from M'pacha to Katima Mulilo after attending a Sunday Church Service. Their military Landrover vehicle was hit by an RPG-7 Anti-Tank Rocket and then sprayed with automatic rifle

and machine-gun fire. The Memorial Plinth was placed at the actual site of the ambush, but was later moved to Movement Control at AFB M'pacha. At the end of the Bush War, the Plinth was retrieved and now stands in the gardens of the SAAF Museum in Swartkop.

23. <u>The Rhodesian Paratroopers</u>

Bushy Bester in New Zeeland provided the photo depicting members of Parachute Course 2 taken in 1961. A second photo shows approximately 150 members of C Sqn of the Rhodesian 22 SAS Regt taken in 1962. The first group was probably also members of the SAS. It is noteworthy that the Rhodesian Army developed an air assault capability before the SA Army.

24. <u>The RSA's Refusal to Accept P3Cs Maritime Reconnaissance Aircraft from the USA</u>. The military historian, Helmoed Heitman, stated the following in Angel's MN, which has been shortened:

"During the latter 1990s the USN offered a number of P3Cs from a squadron that the USN was standing down. The transfer would have been gratis, but the US wanted access to the intelligence gathered during the patrols. SAAF personnel would join the squadron for training and the transfer would have included an initial stock of spares. The aircraft would have been fitted with South African EW, secure communications and other equipment drawn from the project that was to have resulted in a maritime version of the C-47TP. The SAAF turned the proposal down on the grounds that it could not afford to operate the aircraft, although when questioned it was admitted that the operating cost of the P3C would probably not be significantly different to that of the C-130 they were at that time proposing to use for long-range maritime missions. When other reasons were put to them, the only response was that '… you do not understand'. The SAAF has dodged the acquisition of maritime aircraft since the retirement of the Shackletons'.

25. Further Comment on the American Offer by a Reader of Angel's MN

"The American offer made so much sense and there are three SAAF blind spots that bother me to this day, namely the fixation with the Dakota, the deliberate parking of the operational C160 fleet in the sun and rain to rot and then the Maritime Patrol Aircraft saga. I do believe that proper research to clarify the three topics can lead to a good book. I hope Helmoed will take up the challenge".

NUWE MILITêRE BOEKE

26. *Everywhere but at Home*

This new book on the Rhodesian Sappers by Alf Herbst is now available and can be ordered from epos@groep7.co.za at R250. It is in A5 format with 243 pages.



27. *The Phantom Army of Alamein : The Men Who Hoodwinked Rommel*

Johan Brink van Personeel noem dat hy "... hierdie interessante boek van Rick Stroud gelees het wat reeds in 2012 gepubliseer is. Die boek vertel die volle verhaal van seker die mees onkonvensionele groep soldate maar tog met die mees kreatiewe denke, wat in 'n eenheid georganiseer is om 'n kritieke aandeel te hê in die belangrike oorwinning van die Geallieerdes by El Alamein. Die meeste van die verhale oor die grootskaalse verberging, vermomming en kamoeflering deur die SA Genie se 85 Kamoefleerkomp was vir my spannende nuus oor taktiese verrassing wat deur 'n klompie argitekte, skrynwerkers, verwers en loodgieters in die woestyn bewerkstellig is. Dit is dalk die grootste truuk in oë-verblindery in die militêre geskiedenis. Kry dit in die hande en lees dit; veral die genie-manne en infanteriste! Die uitgewer is Bloomsbury Publishing PLC in Londen en hulle webblad is by www.bloomsbury.com. Ek het my kopie by *Exclusive Books* gekoop".



PAUL ELS SE BOEKE

28. Sleutelpersoneel van 202 Bn

* Paul versoek bevestiging van die volgende lys van Bevs 202 Bn:

Kapt Paul Swanepoel	1978
Kmdt Charlie Hochapfel	1978-1981
Kmdt JMA Swanepoel	1982-1983
Kmdt Manie van Rensburg	1984 (waarnemend)
Kmdt JR Liebenberg	1984-1987
Kmdt Pieter van der Merwe	1988-1989

* WO1 FJS Scheepers was een van die RSMs, maar ek benodig die volledige lys".

29. Korrekte Benaming van RSM

"In baie bronne word na 'Regimentele Sersant-majoor' verwys, maar ek dink nie dat dit korrek kan wees nie". Die Nuusbrief se twee deskundiges verklaar soos volg:

* Prof Deon Fourie van die Kavallerie. "Ek kry wel 'regiment' en 'regiments' met koppelteken of aanmekaar maar nêrens kry ek 'regimenteel' of 'regimentele' nie; ook nie in Bosman, van der Merwe en Hiemstra se standaardwoordeboek nie".

* Dr Jan Picard van die SAW se Taalburo. "Die korrekte weergawe is Regiment-Sersant-Majoor".

30. Manuskrip van 82 Meg Bde

"Iemand het vir my ongeveer vier jaar gelede 'n manuskrip vir 'n boek oor 82 Meg Bde gebring. Ek weet nie of die boek sedertdien gedruk is of nie, maar indien nie, moet hy vir my asseblief kontak sodat ons oor die moontlikheid kan gesels. As ek die fotos en kaarte kan kry, kan ek vir die druk van die boek reël. Kom nou mense, dit moet nie vier jaar neem om 'n boek gedruk te kry nie".

WELSYNSWERK

31. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

32. Support to the National Gunners' Memorial in Potchefstroom

The Number One on the Cannon, Gunner Roy Andersen, states that "... over the past few years, a lot of work has been done on the Memorial site. This includes the erection of the surrounding wall, installation of a sprinkler system, the installation of lighting and the re-spraying of the guns. This has required a significant cash outlay. It has now become evident that a number of the post 1961 names are missing from the Memorial. In addition, the spelling of some of the names is incorrect and the dates are not always in the correct chronological order. We have to look after the memory of our brothers in arms and an appeal is made to all Gunners and friends of Gunners to contribute R50 or more to the estimated cost of R20 000 for the re-inscribing of the names.

The bank details are as follows:

Gunners' Association
FNB
Branch code: 252242
Account number: 504 000 12329
Reference: Your name plus Memorial

Let's look after the memory of our brothers in arms!"

33. Foto van 'n Rooikat PVV

Wilien van Zyl van die Kavallerie noem dat hy 'n "... 3-D foto van 'n Rooikat-pantservegvoertuig benodig. Dit is nie op die Internet beskikbaar nie en sal dankbaar wees as iemand my een sal kan verskaf vir 'n projek waarmee ek besig is. My e-posadres is vanzylwilien@gmail.com".

34. Soldaat op 'n Buffel

Paul Els sê dat hy hierdie beeld op FaceBook raakgekyk het, wat iewers uitgestal word en wil weet of iemand daarvan kennis dra. Die kunstenaar is ene Angus van Zyl wat blykbaar by die Pant Skool was.

35. Nuusbrief van die SA Jagtersvereniging

Fred Camphor van die SA Jagtersvereniging poog in sy skrywe tov die polemiek oor die verval van wapenlisensies om die onsekerheid wat daar tans hieroor heers aan te spreek. Dié skrywe asook 'n vorige Spesiale Nuusbrief van 18/06/2018 kan van Fred se e-posadres by info@sahunt.co.za aangevra word.

36. Letter by the Gun Owners' Association of South Africa

In the letter titled as 'The GOSA Renewal Rescue Pack' information is provided on the steps necessary to renew weapon licences. The letter can be requested from the e-mail address at AF2@gunownerssa.org.

37. London Closes 500 Churches and Opens 423 New Mosques

Dr/Ds/Oom Jozua Potgieter states that a report by Shai Mulder of the Sappers on this matter had appeared in the previous Newsletter and now provides a second report on the subject out of a different perspective, which is available on the link at http://police.com.ng/index.php/articles/42-snopes/2281-did-london-close-500-churches-and-open-423--new-mosques.

38. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jul 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

39. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan, soos wat die Infanterie-vereniging hieronder doen.

40. Byeenkomste van 61 Meg Bn se Veterane-vereniging. Gert Minnaar verwittig dat die volgende twee skouerskure in Kaapstad oor die naweek van 28 en 29/09/2018 plaasvind:

* Friday 28/09/2018 at the Castle with Deon Lamprecht

"We invite all Military Veterans to attend an informal get-together on from 18:00 on 28/09/2018 at the Officers' Mess of the Cape Town Highlanders at the Castle in Cape Town. The bar will open at 17:30. Deon Lamprecht will give a short talk on his book '*Tannie Pompie se Oorlog'* which gives insight into how the infiltrations by PLAN to the Tsumeb farming area affected that community and 61 Mech Bn's involvement. The book will also be on sale at a special price of R150 per copy for the Military Veterans. Please tell your friends about this skouerskuur. Denis Coyne and Deon van den Berg from the 61 Mech Veterans Association will host this skouerskuur and you can confirm attendance with Denis at pdcoyne@mweb.co.za or on 082 807 3382. If you want to pre-order your copy of the book, please do so with Denis because there are only a limited number of books available at this special price".

* Saterdag 29/09/2018 in Somerset-Wes Saam met Deon Lamprecht

"Alle Militere Veterane word genooi om op die volgende dag, 29/09/2018 vanaf 12:00 tot 15:00 te kom saam kuier met 'n bring en braai by die MOTHS in Somerset-Wes se saal in Dramastraat 105. Drankies sal te koop wees. Deon Lamprecht gaan 'n kort praatjie hou oor sy boek '*Tannie Pompie se Oorlog*' en die boek sal te koop wees by die skouerskuur teen 'n spesiale prys van R150 per eksemplaar. Christoff Lombard van die 61 Meg Veteranevereniging fasiliteer hierdie skouerskuur en jy kan jou bywoning bevestig by christoff@agridevelopment.com of op 071 866 3337. Ons wil graag weet vir hoeveel mense moet ons vuur voorberei. Die boek kan reeds voor die tyd by Christoff bespreek word".

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

41. PIC Used as a Political Tool

AP Stemmet states that the article by Prof Anton Harbor on the link at Click to Read Article is interesting as it suggests that the Public Investment Corporation (PIC) is being used as a political tool, with money belonging to workers and pensioners.

42. State of the GEPF

AP has issued a public statement declaring that "… the PIC and GEPF are misleading everybody on the financial state of the GEPF. They keep on telling how sound the GEPF is and refer to phenomenal investments and the funding level being at 115%. These statements are simply not true. We at AMAGP have again asked our auditor, Christo van Dyk, to assess the real situation and his report is in the paragraph here below. We now challenge the PIC and GEPF to prove him wrong".

43. Audit of the GEPF

Christo van Dyk states that according to the GEPF's Annual Report of 2017 the ratio of the Long Term Funding Level (LTFL) of the GEPF was 101.7% in 2006. From this excellent and solid foundation, the PIC, acting as the external asset manager, could not maintain the ratio of a 100%, the target set by the GEPF's trustees. Over the 10 years up to 2016, the PIC through all of its investments, has managed to reduce this ratio to 79.3%, a deterioration of 20.7%! The investments that were required in 2016 to ensure a 100% coverage was already R2 trillion. At present the GEPF's investments amount to R1.6 trillion which is R400 billion short of the required LTFL. We are waiting for the 2018 actuarial report to be released to the public, as well as the audited financial statements. Based on the unaudited information on the investments circulated by the PIC currently, it is doubtful that the GEPF's LTF ratio has been restored to the 2006 level. Perhaps the PIC should protest less and re-focus their energy on restoring the LTFL of the GEPF".

44. Wie is nog Skuldig by die VBS Bank?

AMAGP verklaar dat "… die sweer nou by VBS oopgebars het nadat twee senior lede van die OBK afgedank is. Die jongste onthullings oor gebeure skok nie eens meer nie, want Pensioentrekkers en werkers is al vuisvoos van skande op skande. Hulle is al gewoond dat daar roekeloos met hulle pensioengeld omgegaan word. AMAGP waarsku al lankal dat alles by die OBK en die GEPF se Raad van Trustees (RvT) nie pluis is nie, maar die RvT swyg soos gewoonlik of gee ontwykende antwoorde. Die OBK het in 2015 'n leningsgerief van R350 miljoen aan VBS goedgekeur. Het die OBK en die RvT opgetree toe daar negatiewe berigte oor die VBS verskyn en indien nie, waarom nie? Gebeure die afgelope tyd veroorsaak dat vertroue in die OBK en RvT 'n laagtepunt bereik het en moontlik onherstelbaar is".

45. The Steady Erosion of the Foundations of the GEPF

* As Kleynhans van die Lugafweer beveel aan dat "... ons makkers die artikel lees op die skakel by Kliek Om Artikel Te Lees, sodat dit lede kan inspireer om aan te sluit by die Gideonsbende van AMAGP, wat weerstand bied teen die verdere erodering van ons pensioengeld.
* In the above article by Barbara Curson, CA (SA), the following is stated among others:

The financial future of the GEPF cannot be isolated from the financial demands placed on it by the PIC. After all, one of the PIC's investment strategies is to '…contribute to the broader social and economic development of South Africa and the rest of Africa'. And therein lays the rub. The PIC not only invests in good companies that earn healthy returns, but it also invests in up and coming companies. This is a riskier investment without any guarantee of a return, and should be closely monitored in order to preserve wealth.

The investments of R1.64 trillion include direct loans of R22.2 billion. The largest loans granted include funds advanced to the IDC (R3.1 billion), Kilimanjaro Sakhumnotho Consortium (R1.9 billion), Tanga Cement Company (R1.4 billion), Independent News & Media (R1.0 billion), and Opiconsivia Investments 239 (R1.7 billion). It is noted that the fund also has a 66% equity investment in Opiconsivia Investments 239, an unlisted entity, which was valued at R4.8 billion in 2015 and marked down to R1.9 billion in 2016.

46. Behoefte Aan Meer Lede

AP Stemmet noem dat "… soos in die koerante gesien kan word, woed die stryd om ons Pensioenfonds al feller. Ons by AMAGP het ons hande vol en voel dat ons vorder veral wat bewusmaking aan betref. Ons het egter getalle nodig en Veterane wat aktief kan help. Op die oomblik probeer ons die Vrystaters aan boord kry maar ons het lede en helpers oor die hele land nodig".

47. Invitation to Join GEPF/AMAGP

Hennie Roux of the Gunners invites the Veterans "… to join AMAGP, so as to contribute to the cause and in their own interest. Soos meeste van die Staatsdiens se pensioenarisse is u waarskynlik afhanklik van u maandelikse pensioen vir die gehalte van u lewe. Weens die swak toestand van die regering en die aanloklikheid en omvang van ons Fonds vir staatskaping, ontstaan die vraag hoe volhoubaar die pensioen is en hoe lank ons nog die volle pensioen gaan bly kry. Ons by AMAGP se oorwoë mening is dat daar wel gevare is en dat ons, die aandeelhouers van die Pensioenfonds, dringend hieraan moet aandag gee. Sluit aan by AMAGP, 'n vrywillige organisasie, bestaande uit staatsdienswerknemers en -pensioenarisse, met die doel om ons Fonds te beskerm. Kontak enige van die volgende:

Hennie Roux
hennie@nostalgie.co.za

At Fourie
atfourieee15@gmail.com

Alan Luck
armyrenewal@vodamail.co.za

Errol Massey-Hicks
errolhicks@gmail.com

48. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that Issue No 10 of 2018 is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za. In the Newsletter it is mentioned that the GEPF has 1 273 784 active members, 437 051 pensioners, and R1 67 trillion in assets under management.

SOEKTOGTE

49. Waar is Grundlingh?

René van Heerden soek inligting "… van 'n SAW offisier wat ongeveer 30 jaar gelede na SWA oorgeplaas was. Sy seun is Pieter Johannes Grundlingh wat 'n majoor in die SAW was en wie se vrou se naam Judith is. Ek dink die basis waar hy gewerk het was naby Otavi. My e-posadres is rene.vanheerden@lssa.co.za" Nota. Moontlik Lucas?

50. Lede van die Ministerie van Verdediging

Gert Opperman van die Infanterie benodig die kontakbesonderhede van die volgende lede wat aan die Ministerie van Verdediging verbonde was en versoek terugvoer op sy e-posadres by gertopperman5@gmail.com :

Joan van der Poel
Pat Born
LC Odendaal

51. Waar is Hennie van Wyk en Sy Gewese Vrou?

Charl Lagerwall states from out of NZ that he has "... for the past 15 years been trying to find the father and half sisters of Sonja van Wyk. She was given up for adoption at birth and all I know about her father is that his name was Hennie van Wyk and that he was apparently married to a nurse with the surname of Rodriguez that worked at 1 Mil Hosp in the 1980s and 1990s. Her mother would most likely be in her 50s by now. They had two daughters and if the information I received is correct, they got divorced. Hennie was in the SAAF in the 1970s and stationed at AFB Waterkloof. My e-mail address is charl_lagerwall@yahoo.co.nz".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

52. Gedenkdiens van 61 Meg Bn se Veterane-vereniging

Die gedenkdiens vind om 09:30 op 18/08/2018 by die Ditsong Nasionale Oorlogsmuseum in Saxon Wold, Johannesburg plaas.

53. Volgende Byeenkoms van die SA Infanterie-vereniging (SAIV)

John Lizamore van die SAIV verklaar dat "… daar voorheen besluit was om die hinderlaag nie meer op ‘n Woensdag te hou nie en die funksie op Saterdag 21/08/2018 was 'n groot sukses. Die volgende hinderlaag is vanaf 13:00 op 18/08/2018 by die Bronberg Landgoed en die Nasionale Uitvoerende Raad van die SAIV het op hul vergadering van 21/07/2018 besluit om eers die Herdenkingsdiens van 61 Meg Bn, soos hierbo gestel, by te woon. Na die diens sal die SAIV se lede na die Bronberg Landgoed terugkeer om die hinderlaag en ete te geniet.

Om die ete by te woon moet daar met Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op Geoff@sainfantry.co.za geskakel word. Kostes is R100 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet!"

54. Byeenkoms in die Wes-Kaap

Leon Martins van die Kaapse Infanterie noem dat “… die Veterane in die Overberg elke drie maande bymekaarkom om gesellig te verkeer. Jakkals de Jager van die Parabats woon die ete in die Overberg by en het nou die gedagte dat ons plaaslike Veterane hier in Somerset-Wes, Strand, Gordonsbaai en Stellenbosch geaktiveer word om ook so ‘n byeenkoms te hou. Ek is bereid om dit te reël en die plaaslike lede van die SAW, Burgermag, Kommandos en oud-lede van die SAP wat belangstel, word genooi om my by 021-855 1865, 079 514 3379 of op joanmartins246@gmail.com te kontak sodat daar met die reëlings begin kan word”.

NETWORKING

55. Boek oor Rolbal

MS du Toit van die Infanterie, wie daarvoor bekend is dat hy ‘n studie maak van elke aspek waarin hy belangstel, verwittig dat hy “... sopas my derde boek oor rolbal bekendgestel het. Hierdie boek is nie vir beginners nie, maar vir spelers en afrigters wat in gevorderde spel belangstel. Kontak my vir meer besonderhede by msdt@yebo.co.za”.

56. Biltonghakkies vir die Volgende Winter

Kriek van der Merwe verwittig dat “…. die jagseisoen byna verby is maar ek het ‘n biltonghakkie ontwerp wat nie breek of buig nie. Die biltonghakkie word vervaardig van 3mm vlekvrye staal met die een punt rond-skerp (soos ‘n naald) en die ander punt het n skuins snyvlak soos ‘n mes om maklik deur die dik senings te kan sny. Dit is in ‘n ‘S’ gebuig is wat 7cm hoog en die draaie 2.5cm wyd is. Hierdie biltonghakkie

is teen R5 elk aansienlik duurder as die dik plastiese hakkies wat so maklik breek, maar onder normale omstandighede sal dit ons oorleef. Die biltonghakkies word industrieel in n fabriek op bestelling vervaardig. Kontak my op kriek1953@gmail.com indien u belangstel".

ADMINISTRASIE

57. Nuwe Lede. Later.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

58. Food for Thought

Three groups spend other people's money, namely children, thieves and politicians. All three need supervision - Dick Armey

59. Mass Deportation to Assist the Minister's Next Budget Speech

Deon Potgieter of the MOTHS Signal Unit on the South Coast reports that he had heard from an unreliable source that in an attempt to strengthen the economy, the Government will announce that the Department of Finance will start deporting senior citizens in order to lower pensions and healthcare costs. The photo was taken during a recent trial run.

60. Calling Home. The sketch appeared in the Newsletter of the SADFA.

SLOT

61. And on that longing note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

62. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.